

**26 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 110**

**Fokusgedeelte: Psalm 110:1,4**

### **Sien jou hemelse Koning raak**

Presidente, konings, staatsmanne – dis mense met groot gesag en mag. Ook die koning van God se volk het baie mag gehad. In Psalm 110 sê die Here aan die destydse koning van sy volk: “Kom sit aan my regterhand en ek sal jou vyande aan jou onderwerp”.

Dawid was een voorbeeld van `n koning van Israel met baie mag. Hoeveel veldslae het hy nie gelei nie , hoeveel oorlogsoorwinnings het hy nie behaal nie? God se regterhand was die simboliese plek van groot mag, koningskap en heerskappy.

Tog reik hierdie woorde van Dawid ook veel verder as bloot die aardse koning van Israel. Psalm 110 is die Psalm wat in die Nuwe Testament die meeste aangehaal word. Dan word dit toegepas op die grote Koning, die Messias uit Dawid se nageslag. Van Homself sê hierdie Koning kort voor sy hemelvaart: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde...” (Matt 28:18).

Hy was oorwinnaar oor Satan, dood en graf. Hy het as volmaakte Hoëpriester eers Homself as offer vir ons sondes gegee voordat Hy as Koning aan God se regterhand verhoog is. Hy is die ewige Priesterkoning volgens die orde van Melgisedek, die priesterkoning uit die tyd van Abraham.

Wat `n heerlike wete kan ons opnuut vandag hê – ons het `n ewige Koning, Jesus Christus. Hy heers met alle mag, met hemelse heerlikheid. Hy hou ons lewens in sy koningshand vas. Hou jou oog vandag op hierdie wonderlike Koning!

*Sing: Skrifberyming 8:4,5              Ds L du P van der Vyver (Silverton)*